**Konsep**

**MIDBRAK BELASTINGBETALERSVERENIGING**

**NOTULE VAN DIE ALGEMENE JAARVERGADERING GEHOU OP 16 DESEMBER 2013 – 10:00 IN DIE REEBOK GEMEENSKAPSAAL**

**NOMMER 1/2013**

## 1. OPENING EN VERWELKOMING

### 1.1 Gebed

Die vergadering word met gebed deur Dr Mossie Mostert geopen.

### 1.2 Verwelkoming

Die Voorsitter verwelkom almal teenwoordig en stel die eregas, mnr Eddie Jantjies bekend aan die vergadering. Mnr Jantjies verwys na al die verskillende werksaamhede van die Munisipaliteit en hoe hulle graag hul beste wil gee vir die gemeenskap van die hele Mosselbaai streek. Hy bedank die Vereniging vir hulle goeie samewerking en die betrokkenheid van die Midbrak gemeenskap. Baie van die Munisipaliteit se sukses is te danke aan die Vereniging. Die Voorsitter oorhandig 'n sertifikaat van verdienstelikheid aan die Munisipaliteit as waardering vir hulle samewerking.

### 1.3 Voorstelling van Komiteelede

Die Uitvoerende Komitee word aan die vergadering voorgestel.

## 2. TEENWOORDIG / VERSKONINGS

Die vergadering is deur 86 eiendom eienaars bygewoon.

Verskonings is ontvang van:

Gibo Gerber – Raadslid Wyk 5
Charl de Wet, Johan Lotter, Rozain Hansen, V Lessing, R Bongers en L Hartzenberg

## 3. GOEDKEURING VAN NOTULE VAN DIE VERGADERING GEHOU OP 17 DESEMBER 2012

Voorgestel en gesekondeer deur mnre Gert Combrink en Howard.

## 4. SAKE VOORTSPRUITEND UIT VORIGE NOTULE

### 4.1 Hersonering van landbougrond

Wag nog op uitslag van die appèl en dan sal daar weer aandag aan die saak geskenk word.

### 4.2 Erf 271 Reebok – Beswaar teen moontlike ontwikkeling

Vergadering is gehou met die prokureurs insake eienaarskap. Dit is egter 'n moeilike saak en indien dit nie reg hanteer word nie, kan dit in die hof beland.

Die Vereniging monitor die aangeleentheid voortdurend.

**4.3 Mid-jaarlikse Algemene Vergadering gehou op 2 Julie 2013**

Vergadering was deur 19 inwoners en agt area verteenwoordigers bygewoon. 'n Voorstel dat die mid-jaar vergadering nie weer plaasvind nie, word aanvaar.

**4.4 Snelgroeiende aanwas van strukture in Powertown**

'n Impakstudie is tans aan die gang om Powertown te verskuif na grond aangrensend aan Sonskynvallei. Ekstra grond sal aangekoop moet word en sal die verskuiwing nie binnekort geskied nie.

**4.5 Houtstrukture vir plasing van swart sakke**

Die Voorsitter versoek inwoners om slegs huisafval in die houtstrukture te stort. Geen boumateriaal en tuinafval mag daar gelaat word nie.

**5. NUWE SAKE VIR BESPREKING**

**5.1 Kragonderbrekings op 9, 11 en 12 Desember 2013**

Nuwe substasie is voltooi en 50% van huishoudings is reeds daarby ingeskakel. Verskoning word aangebied vir die onderbrekings asook redes daarvoor.

**5.2 Donasies en kommunikasie met inwoners**

Dank vir vrywillige donasies. Bestuur word ook bedank vir die wyse waarop die fondse aangewend word.

**5.3 Wysiging van Konstitusie**

Vereniging het bewus geraak van sekere leemtes in die Konstitusie. Lidmaatskap is baie belangrik en 'n voorstel dat die R30 per huishouding weer voortaan sal geld, word aanvaar. Die Vereniging sal die nodige veranderings aanbring.

**5.4 De Lange Uitbreiding insluiting**

De Lange Uitbreiding het tydelik ingeskakel by die Vereniging en hulle probleme is aangespreek en opgelos. Hulle sal ook in die toekoms onder die Vereniging resorteer.

**5.5 Bewarea insluiting by die Vereniging**

Tans is daar slegs een persoon wat al die werk moet doen. Aangesien die funksies van die twee verenigings baie dieselfde is, sal Bewarea voortaan as 'n subkomitee van die Belastingbetalersvereniging hanteer word. Nodige veranderings aan die Grondwet sal aangebring word.

**5.6 Hulp/bystand aan pensionarisse**

Baie pensionarisse doen nog die instandhoudingswerk op hul persele, aangesien arbeid van buite baie duur is. Versoek dat finansiële hulp verleen word aan mense bo 75 jaar kon ongelukkig nie deur die Munisipaliteit toegestaan word nie.

**5.7 Honde op strande**

Die reëling dat geen honde op strande toegelaat word nie geld nog steeds. Die berig in Die Burger was foutief.

**5.8 Netheid van tuine van inwoners met vakansiehuise**

'n Beroep word gedoen op eienaars met vakansiehuise om deurlopend aandag te gee aan hul tuine, en nie soos in sekere gevalle, slegs een keer 'n jaar iets te doen nie.

**5.9 Voorgestelde aftreeoord ontwikkeling in Tergniet**

Sharples Environmental is tans besig met 'n omgewingsimpakstudie ten opsigte van die beoogde ontwikkeling. Enige insette moet voor 31 Januarie 2014 ingedien word.

**5.10 Voorgestelde residensiële ontwikkeling – Gedeelte 14 van die plaas Rheeboksfontein no 142, Hartenbos (Mercedes Trust)**

Die beoogde ontwikkeling is oorkant Leani Kwekery. Geen finale besluit is nog geneem nie.

**5.11 Rheebok Brick Holdings (Pty) Ltd**

Vereniging het nie die aansoek teengestaan nie en aangesien dit buite ons gebied is sal die Vereniging geen kommentaar lewer op die beplande uitbreiding nie.

**5.12 Vakansie seisoenreëlings**

Die afvuur van vuurwerke is onwettig. Lewensredders by Kleinbrak sal vanaf 09:00 – 17:00 aan diens wees.

**5.13 SMS lyn van die Munisipaliteit – 37285**

Inwoners word aangemoedig om van die SMS lyn van die Munisipaliteit gebruik te maak.

**5.14 Oorhandiging van sertifikate van verdienstelikheid**

Sertifikate word aan die volgende munisipale amptenare oorhandig:

B Supra, F de Graaff, Gibo Gerber, R Hansen, A Eitner, A Nel, K Smit, A Coleridge, A Snyders asook aan Des Muller en Len Rauch.

Spesiale woord van dank vir T Terblanché vir sy groot bydrae.

**6. VOORSITTERSVERSLAE 2013**

Dawid Erasmus bedank die Voorsitter vir sy toewyding en ywer om die Vereniging op 'n wen pad te neem.

Die volgende verslae word aan die vergadering voorgehou:

**6.1 Belastingbetalersvereniging**

Die Voorsitter lig die volgende uit:

***6.1.1*** Doelstellings van die Vereniging.
***6.1.2*** Werksaamhede en voordele van goeie samewerking met die Munisipaliteit.
***6.1.3*** D Potgieter word bedank vir sy hulp met omgewingsimpakstudies.
***6.1.4*** Ina Blom word bedank vir haar bydrae as area verteenwoordiger vir 6 maande.

***6.1.5*** Johann Muller wat weer verkies is om op die Polisieforum te dien as voorsitter.
***6.1.6*** Dorothy Barnard word bedank vir die ongelooflike bydrae wat sy deur die jare gelewer het.

**6.2 Bewarea**

Geen amptelike verslag, maar Frik Nel spreek die hoop uit dat dit met die hulp van die Vereniging, die Bewarea in die toekoms weer projekte sal kan aanpak.

**6.3 Buurtwag**

Len Rauch gee 'n oorsig van werksaamhede. Die volgende projek is om 'n kamera te installeer om bewegings te monitor by van die deurgangsplekke.

Terrie Terblanché rig weereens 'n versoek dat inwoners meer verantwoordelik optree. Baie van die diefstal is as gevolg van onverantwoordelikheid. Verblywend is daar 'n afname in misdaad.

**7. FINANSIëLE VERSLAG 2013**

Staat van inkomste en uitgawes word aan vergadering voorgelê.

Goedgekeur en gesekondeer deur mnre G Combrinck en D Erasmus.

**8. VERKIESING VAN KOMITEELEDE VIR 2013**

Raadsheer Smit wys op die belangrikheid van die Komitee.

**8.1** Mnr C Pretorius word verkies vir De Lange Uitbreiding.

**8.2** Die Vergadering neem kennis dat die Voorsitter, Onder-voorsitter en Sekretaris/Tesourier by die eerste vergadering van die Uitvoerende Komitee aangewys sal word.

**8.3** Vakante poste bestaan vir Reebokhoogte en Reebokrif.

**9. AANVULLENDE SAKELYS**

**9.1 Trust Reebokrif**

Die persoon wat die item op die aanvullende lys geplaas het, het reeds die vergadering op die stadium verlaat.

**9.2 Herseel van die R102**

Dorothy wys die vergadering daarop dat sake rakende die R102 deur Eden Distriksmunisipaliteit hanteer word. Probleme kan via die Munisipaliteit aan Eden gerig word. Herseel van die R102 is tans op die begroting vir 2015/16.

**9.3 Spoedhobbels – Noordsiglaan**

Mnr H Bennett versoek dat spoedhobbels in Noordsiglaan aangebring word. Die Voorsitter meld dat aanbring van spoedwalle reeds op die GOP lys geplaas is.

**9.4 Sperstrepe: Beyersweg, Klein-Brakrivier**

Me Andrea Brink versoek dat sperstrepe op bestaande hobbel in Beyersweg oorgeverf word. Nodige aandag sal daaraan gegee word.

**9.5 Vuil water**

Mnr J Oosthuizen versoek dat aandag gegee word aan water wat somtyds vuil is. Dorothy verduidelik wat moontlik die probleem veroorsaak het en indien dit weer voorkom moet mnr Oosthuizen die SMS lyn gebruik om dadelik die probleem te rapporteer.

**9.6 Huurgeld – Reebok Gemeenskapsaal**

Ina Blom maak beswaar teen die groot verhoging van huurgeld vir gebruik van die Gemeenskapsaal. Dorothy verduidelik dat dit vir die Munisipaliteit moeilik is om uitsonderings te maak en dat almal huur moet betaal vir die gebruik van die saal. Sy sal dus direk moet onderhandel met die Munisipaliteit indien sy voel dat uitsonderings gemaak moet word.

**9.7 Verkoop van strooidakkerk in Klein-Brakrivier**

Navraag oor die moontlike verkoop van die strooidakkerk in Klein-Brakrivier, laat blyk dat geen finale besluit nog geneem is nie. 'n Vergadering sal gehou word op 20 Desember en inwoners word aangemoedig om dit by te woon en insette te lewer.

**9.8 Omskakeling van rioolstelsel**

Mnr E Wasserman van Jonkersbergweg 19 doen navraag oor vordering met 'n vestiging van rioolaanleg vir die hele Midbrakgebied. Voorsitter antwoord dat dit 'n baie lang proses is en dat dit nog 'n hele aantal jare sal neem. Besoedeling rondom huidige stelsel word gereeld gemonitor.

**10. ALGEMENE BESPREKING**

Geen sake behandel nie.

**11. AFSLUITING**

MARTIN SMITH
**NOTULEERDER**

GOEDGEKEUR TYDENS VERGADERING 1/2014 GEHOU OP 15 DESEMBER 2014

**VOORSITTER**